# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in 16 languages

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* DR. MARIETJIE NELSON

Vol. XVI | MARCH 2023 | No. 09


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Psalm 66:12-20**

12. U het ons deur mense laat vertrap, ons het deur vuur en water gegaan; maar toe het U ons uitgelei na oorvloed toe.
13. Ek sal u huis betree met brandoffers: en aan U die geloftes betaal
14. wat ek gedoen het, wat ek afgelê het toe ek in nood was.
15. Ek bring vir U vet skape as brandoffers, ramme as wierookoffers, ek offer beeste en bokke. Sela.
16. Kom luister, alle dienaars van God, ek wil vertel wat Hy vir my gedoen het.
17. Skaars het ek na Hom geroep, of daar was reeds 'n loflied op my lippe.
18. As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie.
19. Maar God hét geluister, Hy hét my gebed verhoor!
20. Die lof kom God toe wat my gebed nie afgewys en sy trou nie van my weerhou het nie.

# JULLE DROEFHEID SAL IN BLYDSKAP VERANDER!

(Boodskap gelewer deur Pastoor S. Sam Selva Raj in die Moederkerk)

**JOHANNES 16:20**

**Julle droefheid sal in blydskap verander!** *Julle droefheid en trane sal verbygaan, Moenie ontsteld wees nie, seun, moenie verslae wees nie, dogter, Ons Jesus sal julle nie in die steek laat nie. M o e n i e ontmoedig word deur aan die verlede te dink nie, vergeet wat in die verlede gebeur het, God sal iets nuuts doen, julle sal dit vandag nog sien! Moenie moedeloos word nie, ja, moenie moedeloos word nie, Die Here ons God sal julle nie in die steek laat nie. God genees die wat gebroke van hart is; Hy ondersteun die beseerdes; verbind alle wonde, vee ons trane af, ja, Hy vee julle trane af, Moenie moedeloos word nie, ja, moenie ontsteld word nie, Die Here ons God sal julle nie in die steek laat nie. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte getoets word nie; Hy gee die krag wat nodig is; Hy sal 'n uitweg aantoon, Ja, 'n pad uit' Moenie moedeloos word nie, ja, moenie ontsteld word nie, Die Here ons God sal julle nie in die steek laat nie.*

*- Fr. S.J. Berchmans.*

**Dit is die goddelike wat God julle gee!**




**Echo of His Call**

*YouTube Christelike Kanaal !*

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

Message, prayer in 5 minutes!!

**English, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – 5 vm.**

**Tamil Sondagdiens – 8:30 vm**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...





### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**CHIEF EDITOR**
Angeline Selvakumari Henry, M.A., M.Ed.

**MANAGING EDITOR**
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**ADMINISTRATION**
Bro. N. Prakasam, M.A., General Manager

**EDITORIAL BOARD**
Sis. Jesy Veena Sam
Sis. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Dr. A. Richard Samuel, M.A., Ph.D.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 95661 31858

**CORE LEADERS**
Bro. K. Puratchivendan
Bro. A. Edward Durai
Bro. A. Alvin
Bro. K. Abraham
Sis. Dhanalakshmi Chinnaiah

**E.mail ID**
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**
Echo of His Call


**"The Lord is my Shepherd; I shall not want"** - Psalm 23:1

Geliefdes in die Here,

Ons groet julle in die naam van ons Here Jesus Christus. Ons verheerlik ons Here God vir al die mense wat God se seëninge ontvang deur ons koerant, **Echo of His Call.** Ons loof die Here van die Here omdat ons uitgevind het dat julle geseën word deur die vroeë môre 5-minuutboodskap op ons nurwe You Tube kanaal. Ons doen wat ons kan sodat julle die voordeel daarvan kan geniet.

Soos die dae verbygaan, groei die bediening van die Here. Mense word baie geseën. Maar ons ervaar dieselfde moeilikhede en stryd as die apostels van die vroeë kerk. Aangesien ons die vastrapplekke van die duiwel vernietig deur verskillende bedienings en deur die evangelie, is dit nie snaaks dat die duiwels geïrriteerd raak nie.

Maar ons word nie ontmoedig nie. Ons preek en leer die leer wat deur die eerste apostels en ons voorvaders geleer is, sonder om enige kompromieë aan te gaan. Ons versoek julle om vir ons te bid. Julle is welkom om na vore te kom om ons te ondersteun op enige moontike manier. Ons het behoefte aan julle ondersteuning en gemeenskap.

Ons gaan hierdie maand baie reis en ook in die komende maande. Onthou ons asseblief in julle gebede. Die pad van die bediening wat met 'n werklike las vir mense gedoen word, is regtig moeilik. Die gesinne van baie van ons dienaars van God is siek op baie maniere. Ons word vertroos deur julle gebede en liefde.

Ons verwag van julle briewe en voorstelle. Ons bid ook vir julle. Bowendien neem ons al julle gebedsversoeke na God ernstig op en bid vir julle. Ons is lief vir julle met die liefde van God. Mag die Here al die dierbare broers en susters beloon wat ons gereeld ondersteun met hulle offers! Amen.

Julle dienaars in Christus Jesus,


PR. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, E.mail : samselvaraj333@gmail.com


Gedurende die afgelope paar dae, het ek die kans gehad om mense te ontmoet van verskillende klreure en nasies. Onder hulle het ek geleerdes ontmoet, leidende doktors, mense uit magtige politieke faksies, offisiere, industrialiste, ryk mense, konsultante, gewone en middeklkas mense, minder geleerde, godvresende mense en mense sonder God, studente,

toeriste, pelgrims, akrteurs, skrywers, mense wat hulleself gelowiges noem en dienaars van God. Ek kon waarneem hoe verskillende soorte moeilikhede of worstelinge hulle op een of ander manier geruk het. Dit is die rede waarom mense verskeie mense pelgrimsentra besoek in hulle soeke na God.

Sommige vroom mense doen soms dinge waarvan hulle nie veel weet nie. Sommige onderneem boetedoening vir baie dae ter voorbereiding vir hulle besoek aan verskillende pelgrimsentra, maar voor hulle vertrek, besoek sommige ons en vra ons om vir hulle te bid.

Ek verkleineer dit nie en maak dit ook nie belaglik nie.

Maar kan ons nie sien dat hulle 'n drang het en 'n groot gemis? Vir goeie mense is dit hulle tradisie en kultuur wat 'n versperring vorm vir hulle om ware verlossing te ervaar.

**In hierdie wêreld wat vol probleme en woelinge is, dink min nense aan die Koninkryk van God en die uitbreiding daarvan, om te breek met die gewoontes en tradisies van die mense van die wêreld en in vrede en geluk te leef en hulleself heilig te hou. Wat is die rede hiervoor? Dit is die opstandingskrag van ons Here Jesus Christus wat selfs in die lewens van gewone mense werk. Elkeen van ons moet hierdie ondervinding hê.**


Wanneer die opstandingskrag van Jesus Christus in 'n mens se lewe kom, selfs al is hy 'n nuttelose mens, sal hy 'n baie bruikbare mens word. Wanneer hierdie krag ingryp in die lewe van iemand wat chronies siek is, sal die siekte wegvlug! Jesus het gesê, **"Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe".** Johannes 11:25. Selfs as 'n orgaan van 'n persoon nie werk nie, as hy die Here Jesus Christus as sy persoonlike Verlosser aanvaar en glo dat Hy die Seun van God is, en berou het, sal hy bonatuurlike genesing van die Here ontvang en sal hy as 'n normale persoon kan leef.

## Lasarus en Jesus Christ!

Lasarus, 'n vriend van Jesus Christus, het gesterf. Maar die Here Jesus Christus het vir Lasarus opgewek uit die dood. Nogtans sou hy tog later gesterf het vanweë ouderdom. Maar die Here Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het, het op die derde dag uit die dood opgestaan en het nie weer gesterf nie! Mense wat beweer dat hulle die verpersoonliking van God is, sterf ook. Die grafte waarin hulle liggame begrawe is, is altyd geslote. Maar die graf van die Here Jesus Christus alleen is nog steeds oop. Dit is 'n histories bewese feit.

Die Romeinse outoriteite en die leiers van die tempel het volkome sekuriteit gegee aan die graf van Jesus. Die Bybel sê: **Hulle het toe gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wag daar te laat bly.** Matteus 27:66. Maar die Here Jesus Christus het uit die dood opgestaan op die derde dag (Matteus 28:1-8).

Maria Magdalena en die ander Maria het op die eerste dag



**Statement about ownership and other particulars about the Newspaper Echo of His Call (Afrikan) - Form IV (See Rule 8)**

| | | |
|---|---|---|
| 1. Place of Publication | : | **New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai - 600 005.** |
| 2. Periodicity | : | **Monthly** |
| 3. Printer, Editor, Owner & Publisher | : | **S. Sam Selva Raj** (Same Address) |
| 4. Nationality | : | **Indian** |

I, **S. Sam Selva Raj** hereby declare that the particulars given above are true to the best of my knowledge and belief.

**March 2023** **S. Sam Selva Raj.**

van die week na die Sabbat gekom om na die graf te kyk. Hoewel die Here Jesus Christus reeds vir sy dissipels gesê het dat Hy op die derde dag uit die dood sou opstaan, en hulle wat saam met Hom was vir drie en 'n halwe jaar en saam met Hom gewerk het, was hulle by hulle huise. Hulle het nie hulle ware liefde vir die Here getoon nie. Dit sou later vir hulle n bron van droefheid en jammerte wees. Maar Jesus het nie hulle tekortkomings in gedagte gehou nie. Hy het aan hulle verskyn, hulle getroos, hulle verander in kragtige apostels en hulle droefheid in vreugde verander.

Liewe vriend, is dit nie so nie dat jou klein twyfel, begeertes en drange van die vlees jou weggedryf het van die liefde van die Here nie al het jy die liefde van die Here tevore op verskeie geleenthede en verskillende maniere ervaar? Moenie mismoedig word nie, bely jou tekortkomings en kom weer na Jesus. **Jou droefheid sal in blydskap verander!**

## 'n Waarskuwing aan God se kinders!

Ek sal julle twee uitsprake van my oorlede patoor G. Sundaram vertel wat hy aan die kerk gegee het oor hoe 'n mens die vreugde van die Here kan ontang deur te waak oor die gemeenskap met Hom.

Enige dienskneg van God of evangelis kan na enige deel van die wêreld toe gaan en 'n bediening vir die Here waarneem. Maar hulle moet 'n bnd om hulle lyf vasknoopen die ander punt aan die kerk wat die Here hulle gegee het. As jy nie bedieningswerk het omte doen op 'n Sondag nie, moet jy die kerk bywoon, die Here aanbid saam met ander en die woord van God geduldig ontvang en gehoorsaam.

Tweedens, elkeen van ons is verlos van sondige gedagtes, sondige gewoontes en slegte verhoudings deur sy genade. Maar ons moet versigtig wees dat ons nie terug gaan na die sonde waarvan ons verlos is nie. Daar is altyd die kans dat hulle ons kan aanval. Wees versigtig!

Byvoorbeeld, as jy verlos is van verslawing deur die genade van ons Here Jesus Christus, moet jy hierdie verlossing noukeurig koester. Jy moet nie weer naby daardie plek gaan nie, nie eens om net kleingeld te soek nie. Boonop moet jy ook ten volle ontslae raak van jou ou slegte vriende en nie weer so 'n verhouding hê nie. As jy vasberade is in jou besluit, sal jy oorwinning en volkome vreugde smaak.

## Maria Magdalena en die ander Maria!



Maria Magdalena wat geteister was deur sewe duiwels, is deur Jesus verlos. Sy het, saam met 'n ander Maria, die graf van Jesus besoek waar sy liggaam gebêre was. Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. (Matteus 28:2).

*....verv. op.bls. 6*


**NEHEMIA RESIDENSIëLE**
**BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Hindi**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 53 jaar

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**
**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër
**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Maart 19 Tot 2023 April 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## SAKE VIR LOF EN DANK

**Maart 19** ➲ Al die aktiwiteite van ons **St. Paul's Matriculation School, Nehemia Bybelkollege** en Teologiese **korrespondensiekursus.**

**Maart 20** ➲ Sy seën op ons vergadering van kerkwerkers wat op 16.01.2023 gehou is.

**Maart 21** ➲ Sy seën met nuwe intekenaars vir **Echo of His Call** se YouTube kanaal.

**Maart 22** ➲ Sy seëninge wat Hy uitgestort het op die gesinne van ons werkers.

**Maart 23** ➲ Die herlewing onder jongmense en kinders van alle kerke ongeag hulle denominasie.

**Maart 24** ➲ Die sendelinge en hulle gesinne wat betrokke is in God se werk in afgeleë gebiede.

**Maart 25** ➲ Die suksesvolle besoeke van ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj aan verskillende plekke in Indië en oorsee wat tot groot seën was.

**Maart 26** ➲ Sy seën op ons gebedsvennote, geloofsgenote, lewensgenote, intekenare, Groot Opdragvennote en hulle gesinne.

**Maart 27** ➲ Sy oorvloedige seëninge op ons toewyding aan die koerant-bediening sedert 1969.

**Maart 28** ➲ Ons evangeliese Drukpers en die voortgesette funksionering daarvan met bekwame werkers.

**Maart 29** ➲ Ons **Echo of His Call** se mederedakteurs en hulle gesinne.

**Maart 30** ➲ Die feit dat Hy ons in staat stel om finansiële en gebedsondersteuning aan ons sendelinge te bied.

**Maart 31** ➲ Sy voorsiening in die behoeftes van die mense wat betrokke is by die druk van Bybels en Christelike literatuur oor die hele wêreld.

**April 01** ➲ Dat Hy ons seën met vennote wat ons bedieninge finansieel ondersteun te midde van hulle persoonlike behoeftes.

**April 02** ➲ Dat Hy ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin seën met goddelike beskerming en goeie gesondheid.

**April 03** ➲ Dat Hy die wêreld seën met skole wat deur sendelinge begin word op gesonde Christelike grondslag.

## SAKE VIR GEBED

**April 04** ➲ Herlewing in kerke dwarsoor die wêreld.

**April 05** ➲ Beskerming van onverwagte natuurlike rampe.

**April 06** ➲ Die welstand van die **Echo of His Call** se gelowiges en hulle gesinne wat behoort aan die Moederkerk en wykskerke.

**April 07** ➲ Ons Goeie Vrydag en Paasdienste in ons Moederkerk en wykskerke.

**April 08** ➲ Dat die studente van ons redidensiële en Aand **Nehemia Bybelkolleges** gedissiplineerd en toegewyd sal wees.

**April 09** ➲ Die beskerming van kinders en jongmense teen die verslawing aan dwelms.

**April 10** ➲ Die beskerming van kinders en jong mense teen toenemende slegte gewoontes oor die hele wêreld.

**April 11** ➲ Ons studente van die **St. Paul's Matriculation School** wat moet aanmeld vir hulle openbare eksamens.

**April 12** ➲ Die verwydering van kinderhandel oor die wêreld.

**April 13** ➲ Toelating van nuwe studente vir ons **St. Paul's Matriculation School** vir die akademiese jaar 2023-24.

**April 14** ➲ Die gradeplegtigheid van ons **Nehemia Bybelkollege** wat gehou sal word op 3 Junie 2023.

**April 15** ➲ Dat daar voorsiening in al die finansiële behoeftes sal wees vir hierdie maand.

**April 16** ➲ Die aanmelding van verdienstelike studente vir ons Residensiële en Aand **Nehemia Bybelkollege** vir die akademiese jaar 2023-24.

**April 17** ➲ Dat ons senior Pastoor S. Sam Selva Raj geseën sal word met nuwe visies vir sy veelvuldige bedieninge.

**April 18** ➲ Die Presidente, Eerste Ministers, Hoofministers en Lede van die Parlement van alle nasies van die wêreld.

*verv. v. bls.4*



Liewe broer en suster, daar mag struikelblokke in jou lewe wees soos 'n klip wat nie weggerol kan word nie. Partykeer kan dit nie verwyder word deur jou of deur sterk of ryk mense nie. Maar moenie vrees nie, God sal 'n pad maak waar daar nie een is nie. Dit is miskien nie ver weg nie. God sal sy engele opdrag gee om jou te bewaak. Die engele werk vir jou. Hulle sal die klippe wegrol wat jou seëninge versper en jou die seëninge van die Here laat geniet en die engele sal op die klippe gaan sit. Jy staan op die drumpel van God se seën. Staan vas. **Binnekort sal jou droefheid in vreugde verander!**

## Ons Verkeerde beginsels!

Kinders van God, wees opgewek! Wat ook al in jou pad staan, ons Here Jesus Christus is magtig genoeg om dit te verwyder. Die sleutel tot seën vir die mensdom is nie beskikbaar by enige van die manne in die wêreld nie. Daardie sleutel is alleen by ons Here Jesus Christus. Laat al julle lyding by Hom. As ons van Hom af weggaan, sal dit baie droefheid en lyding meebring. Party van julle het agteruit gegaan in julle persoonlike lewe en in die bediening van God. Dit is 'n ernstige fout. Die Here het


# NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 53 jaar**

**Sertifikaat in Teologie : Een Jaar**

**Diploma in Teologie : Twee Jaar**

**Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër**

**HAAS JOU VIR TOELATING!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org


## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**


**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**

julle opgetel uit armoede en diep putte en julle op hoë plekke geplaas. Hoe kan jy dit ontken? Wees ywerig om nie die foute te herhaal nie. Wees berouvol! Dan sal julle droefheid sekerlik in vreugde verander.

## Die Here wat die verlorenes soek!



Die Here Jesus Christus het op die derde dag uit die dood opgestaan. Tog het sy dissipels teruggegaan na hulle ou werk, om vis te vang. Dit is nogal raaiselagtig. Nogtans wys die Here sy liefde. Soos ek gesê het, het die dissipels teruggegaan om vis te vang in die



see van Tiberias. Die Here wat hulle opgesoek het, het gevra, "Kinders, het julle iets om te eet?"

Hoewel die dissipels hulle bes probeer het, kon hulle niks vang nie. Ek het al mense gesien wat 'n bediening begin en dit dan laat staan om redes wat hulle aangee en dan wêreldse professies opneem. Maar hulle einde sal katastrofies wees. Niemand behoort homself sulke foute te veroorloof nie.

Die Here het hulle 'n paar wenke gegee vir 'n beter vangs en hulle het dit gedoen. Hy is die verhewe Verlosser, Jesus Christus! Deur 'n uiters verhewe roeping het Hy jou gekies, jou gawes gegee en talente en jou opgetel. Hoeveel duiwels is op jou gebede uitgedryf? Hoeveel is bevry van siekte wat nie genees kon word nie? Het jy weggehardloop van die liefde van God af vanweë sommige probleme of oor een of ander wêreldse plesier!?

## Dink 'n bietjie na oor jou lewe!




Hoe God jou gered het uit probleme wat jou kinders en ander mense getref het? Dink daaraan toe jy getref is deur siekte, mislukkings, moeilikhede, hoe God jou bevry het met sy wonderserke? Beteken dit nie dat die Here met jou is nie en goed is vir jou , as jy een keer sy hulp geniet het nie? Moet Hom asseblief nie verlaat nie en gee aan Hom die eerste plek in jou lewe. Jou droefheid sal in vreugde verander.

Ons ervaar elke dag baie storms in ons lewens. Hierdie storms kom uit verskillende oorde, van verskillende mense en met verskillende snelheid. Ons word gekonfronteer deur storms, wind, warrelwinde en tornado's. Kom ons kyk na die soorte storms, wanneer dit ons tref, watter soort wonde dit vir ons veroorsaak en hoe ons dit kan oorkom deur die krag van God.

Ons moet optree voor die situasie erger word. Daar is 'n bietjie tyd vir ons tusssen die aanval en die tyd wanneer die situasie hand uitruk. God is goed genoeg om ons sy genade te gee om elke ding onder beheer te bring. God wil hê ons moet met wysheid en ywer optree. Wat ek hier 'n storm noem, is die dinge wat ons gemoed omkrap en probleme wat deur mense veroorsaak word. As ons nie veiligheidsmaatreëls tref wanneer ons die storm sien opkom nie, mag ons dalk sink. Dis die rede waarom ons Here Jesus Christus praat van die koms van die nag in Johannes 9:4. Die Here wou sy werk voltooi voor dit kom. Dit het Hy gedoen. Satan sit en wag om ons van die spoor af te bring (1 Petrus 5:8). Gaan jou uitdagings tegemoet met die wete dat God in volle beheer is oor jou lewe. Moenie kwaad wees nie. Moenie treurig wees nie. Probeer God loof in alle situasies. Herhaal die beloftes van God. God is met my en vir my. Ek is die een wat alle situasies oorwin. Mag die God van die hemel jou seën!

************



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## GODDELIKE BESOEK

Deur God se genade het die Here my in 1971 'n las gegee vir die nie-christene wat in Chepauk, Tsjennai gewoon het. Die mense wat in hierdie area gewoon het, was goeie mense en het 'n diep geloof in God gehad. Hulle was hardwerkend en het gewoonlik dag en nag gewerk. Chepauk het baie landmerke: rolprentteaters, Krieketstadium, Polisiekantoor, die pragtige Marina Strand wat die 2de langste in die wêreld is, Kamarajar Road wat ook die Koninklike Weg genoem word, die besige en beroemdste Mount Road wat now Anna Salai genoem word, die Vuurtoring, die Sekretariaat, die belangrikste spoorwegstasies genoem Egmore Station en Central Station, baie Regeringskantore, die Coovam Rivier, die welbekende Santhome Kerk. Dit is 'n belangrike deel van die Ou Tsjennai (Madras). Ek het 'n swaar las gevoel teenoor die geestelike lewe van die baie armes, die baie rykes en die opvoedkundiges van hierdie gebied.

Dus het ek begin om elke aand van 8 nm. tot 10 nm saam met twee van my medewerkers van God te bid. Een an hulle was Br. I. Chandra Singh wat nou 'n industrialis in Pondicherry is. Die ander een was Br. I. Moses Packia Mani wat nou 'n bekende sakeman in Tsjennai is. Ons het gewoonlik gekniel en gebid agter die standbeeld van Mahatma Gandhi. Aangesien ons besef het dat rolprente die mense gelei het om hulleself in die wêreld te verdiep, het ons gebid dat God al die rolprentteaters moes verwyder of sluit.

Wat 'n verrassing! Eerlik, ek sê vir julle! Die Here God het ons gebede beantwoord. Sommige teaters soos die Paragon, die Star teater, die Elbinston teater, Devi, Sjanti, Anna, en Cithra is gesluit. Ons kon dus die evangelie aan baie mense verkondig wat dol was op die kyk na rolprente en wat sedelose lewens gelei het. Baie van hulle het Jesus aangeneem en begin om heilige lewens te lei. Maar daar was geen kerk in hierdie gebied nie. Die nuwe bekeerlinge kon nie na enige kerk in die omgewing gebring word nie. Ons het gedink dit was onmoontlik om 'n kerk in hierdie gebied te kry. In 1980 het God ons in staat gestel om te begin met 'n tak van die Kerk van God in Indië in Chepauk. Maar niemand het dit gewaag om op Sondae na die kerk te kom om die lewende God te aanbid nie. My vrou en my dogter wat in die tyd nog 'n baba was, was die enigste mense wat saam met my aanbid het vir byna 5 jaar. Ek het gewoonlik op my trekklavier gespeel en gepreek. Daarvoor het ek baie teenstand gekry.

Een oggend teen 8 vm. Het ek die kerkterrein skoongemaak en dit was tyd om met die diens te begin. Hoewel ek die kerkterrein voorberei het om die diens te hou, was ek ontmoedig by die gedagte dat nniemand die diens sou bywoon nie. Ek het dus na my slaapkamer toe gegaan om te rus en daar my oë toegemaak. Ek kon nie slaap nie. Ek het in 'n soort beswyming geraak en 'n droom gesien.

In my droom het ek my huis gesien wat heeltemal versier was met helder ligte. Ek het ook 'n soet geur in my huis geruik. Skielik het 'n man van 50 jaar ingekom in die ruimte wat ek voorberei het om die aanbiddingsdiens te hou. Hy het al die ligte en waaiers aangeskakel. Toe het hy neergekniel en begin om saggies te bid. Toe kon ek sien dat die plek gevul was met mense.



*Ds. Dr. Bevin Lawrence & Mev. Serena Bevin*

Ek het wakker geword en haastig my vrou en dogter gereop en toe on begin bid het in ons kerk, het ek besef dat die man wat tevore besig was om daar te bid, verdwyn het. My vrou en ek het ons sonde bely en die diens begin.

Binne 'n paar minute was daar 'n broer en sy vrou en hulle seun, almal in wit aangetrek wat saam met ons gekniel het. Hierdie broer is Ds. Dr. Bevin Lawrence wat nou by baie bedieninge betrokke is, en sy hoofkwartier in Kodaikkanal het. Hy is 'n mediese dokter en 'n biskop. Sy vrou is mev. Serena Bevin wat nou die Senior Assistentredakteur is na die Editor of **Echo of His Call** koerant. Saam neem hulle 'n hele aantal bedieninge waar.

Van dié dag af het ek my kerkdienste op tyd begin of daar mense was of nie. Ek onderrig hieroor al my medewerkers en die kollege studente. God is goed.

************

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges (Twee sentra) (Aand / Resiensieel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Pastoreberading : 4.00 nm. Sondag
18. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
19. Midweek Bybelstudie : 6.30 nm. Woensdag
20. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
21. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
22. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
23. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
24. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
25. Gebedsgeleentheid vir ouers : 4.00 nm. Eerste Sondag
26. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
27. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
28. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
29. Oggendgodsdiens : 5.00 vm. daagliks
30. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
31. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

**'n Goeie geleentheid om**
**Echo of His Call**
**te bekom**

As jy die adresse van jou vriende / familielede stuur per pos, e-pos, Whats App of deur ons to bel, sal ons die maandelikse uitgawe van **Echo of His Call** gratis aan hulle stuur.

## SPESIALE AANKONDIGING

### Ons benodig ereverteenwoordigers!

In die jongste tyd het ons gevind dat die aantal lesers van die **Echo of His Call** koerant wat in Sinhala, Nepali, Urdu en Afrikaans gedruk is, aaansienlik verminder het. Dit mag te wyte wees aan die verlies van ons ou vriende en die verandering van hul adres. Ons het gedink aan maniere om die aantal lesers te vergroot.

Een poging hiervoor is dat ons vra vir ereverteenwoordigers van ons lesers van Nepali, Urdu, Sinhala en Afrikaans om

(i) Meer lesers te werf vir die koerante in hulle onderskeie tale.

(ii) Om na vore te kom om meer eksemplare te druk en versprei onder lesers in hulle onderskeie lande / gebiede en

(iii) Ons te help deur 'n aantal ereverteenwoordigers te kry wat nuwe adresse kan gee en die verspreiding bevorder deur fotokopieë te maak en aan vriende en familie te stuur.

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris**
**Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"**
**on 4th MARCH 2023**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

**To**

***GOD SEËN JOU!***

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**